



GENADE ALLEEN MAAK ONS DEEL VAN GOD SE FAMILIE

Joh 3:1-15

Daar was 'n man met die naam Nikodemus. Hy het aan die party van die Fariseërs behoort en was 'n lid van die Joodse Raad. (2) Een nag het hy na Jesus toe gekom en vir Hom gesê: “Rabbi, ons weet dat u 'n leermeester is wat van God af gekom het, want niemand kan hierdie wondertekens doen wat u doen, as God nie by hom is nie.” (3) Daarop sê Jesus vir hom: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” (4) Nikodemus vra Hom toe: “Hoe kan 'n mens gebore word as hy al 'n ou man is? Hy kan tog nie 'n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie?” (5) Jesus het geantwoord: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. (6) Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees. (7) Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: Julle moet opnuut gebore word nie. (8) Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.” (9) Nikodemus vra Hom toe: “Maar hoe is dit moontlik?” (10) En Jesus antwoord hom: “Jy is die bekende leermeester van Israel en jy verstaan dit nie? (11) Dit verseker Ek jou: Ons praat oor wat ons weet, en ons getuig oor wat ons gesien het, en tog aanvaar julle nie ons getuienis nie. (12) Ek het julle van die aardse dinge vertel en julle glo dit nie, hoe sal julle glo as Ek vir julle van die hemelse vertel? (13) Niemand op die aarde was al in die hemel nie behalwe Hy wat uit die hemel gekom het, naamlik die Seun van die mens. (14) Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, (15) sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê.

Joh 6:37 Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.

Joh 6:37 (MESSAGE) Every person the Father gives me eventually comes running to me. And once that person is with me, I hold on and don't let go.

GENADE ALLEEN MAAK ONS DEEL VAN SY FAMILIE

JOH 3:1-15

1 NIKODEMUS SE DIEPER DORS

2 NIKODEMUS SOEK JESUS OP

GENADE ALLEEN...CHRISTUS ALLEEN....GELOOF ALLEEN

SAAM-PRAAT:

1 HOE SOU JY *WEDERGEBOORTE* VERDUIDELIK AAN 'N ANDER?

2 HOE WEET 'N MENS OF JY WEERGEBORE IS ?

